# Vraag 1: Literêre en nie- Literêre teks [15]

1 "Het ma vergeet? Die dag van Jacksonville Primêre Liga se finale skole sokkerwedstryd het aangebreek!"

2 Een Saterdagoggend, het Tumi geklee in sy sokkerspan se t-hemp opgewonde rond gehardloop

3 Met sy vuvuzela in sy hand, hardloop hy na die skoolpark toe. Soos hy stap groet hy almal en vra dat hulle sy span moet ondersteun. Met sy aankoms by die sokkerveld het hy gou vir hom 'n sitplek in die voorste ry gaan soek

4 Die skeidsregter blaas sy fluitjie. Die wedstryd het begin. Tumi het gesing en op sy vuvuzela geblaas

5 Beide spanne het gesukkel om punte aan te teken en die eerste helfte het geëindig sonder enige doele. Sommige toeskouers was baie ongelukkig omdat daar nog nie doele was nie

6 In die tweede helfte het Tumi nogsteeds sy span aangemoedig, maar die slag het hy van die pawiljoen afgeklim en langs die veld gehardloop. Sy span het vier doele aangeteken. Die skeidsregter het die eindfluitjie geblaas. Tumi se span wen!

7 Tumi het gillend en singend huis toe gegaan



Aantal woorde:168
Gerskryf: L. Theron

HOMEWBY SCHOOL
FROZENFOCUS
EDUCATION

1.1

Wie is die **hoofkarakter** in die storie?

a) Tumi se ma
b) Die skeidsregter
c) Tumi
d) Die toeskouers

1.2

Waaroor gaan die storie?

a) Rugby
b) Sokker

LIVEWORKSHEETS

c) Skool
d) Vuvuzelas

---

1.3

Is die volgende sin **Waar of Vals**?
*Die belangrikste karakter in die storie is Tumi se ma.*

a) Waar
b) Vals
c) Ons weet nie
d) Soms waar

---

1.4

Is die volgende sin **Waar of Vals**?
*Die sokkerwedstryd is op die sokkerveld gespeel.*

a) Waar
b) Vals
c) Net soms
d) Nie in die storie nie

---

1.5

Op watter dag is die wedstryd?

a) Maandag
b) Vrydag
c) Saterdag
d) Sondag

FROZENFOCUS®
EDUCATION

---

1.6

Wat het Tumi aangetrek?

a) 'n Skooldrag
b) 'n Baadjie
c) Sy sokkerspan se T-hemp en serp
d) 'n Trui

---

1.7

Waar gaan Tumi sit?

LIVEWORKSHEETS

a) By die pawiljoen
b) In die voorste ry
c) By die hek
d) By die huis

---

1.8

Wie blaas die fluitjie?

a) Tumi
b) Die toeskouer
c) Die skeidsregter
d) Die afrigter

---

1.9

Wat het Tumi in sy hand terwyl hy hardloop?

a) 'n Sokkerbal
b) 'n Sak kos
c) 'n Vuvuzela
d) 'n Fluitjie

---

1.10

Wat vra Tumi vir almal toe hy hulle groet?

a) Om stil te bly
b) Om huis toe te gaan
c) Om sy span te ondersteun
d) Om te sit

---

1.11

Waarom hardloop Tumi van die pawiljoen af en langs die veld?

a) Hy is moeg
b) Hy soek sy ma
c) Hy moedig sy span aan
d) Hy wil huis toe gaan

---

FROZENFOCUS
EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

1.12

Voltooi die sin:
*Die eerste helfte het geëindig sonder enige …*

a) spelers
b) doele
c) fluitjies
d) ondersteuners

---

1.13

Waarom was Tumi ná die wedstryd so gelukkig?

a) Hy het 'n nuwe bal gekry
b) Die wedstryd was lank
c) Sy span het gewen
d) Hy het huis toe gegaan

---

1.14

Gee **EEN rede** waarom Tumi op 'n Saterdagoggend opgewonde was om skool toe te gaan.

a) Hy skryf 'n toets
b) Hy hou van sokker
c) Hy ontmoet sy onderwyser
d) Hy gaan huiswerk doen

---

1.15

Het jy van die storie gehou?

a) Ja, want ek hou van sokker
b) Nee, want ek hou nie van lees nie
c) Ja, want dit is lank
d) Nee, want dit het geen prente nie

FROZENFOCUS EDUCATION
LIVEWORKSHEETS

## Vraag 2: Visuele Teks [15]



2.1

Watter tipe dier is op die prent?

a) 'n Hond
b) 'n Voël
c) 'n Vis
d) 'n Kat

2.2

Voltooi die sin:
Die vorm van die dier se oë is …

a) vierkantig
b) driehoekig
c) ovaal
d) rond

2.3

Kan diere in die regte lewe musiekinstrumente speel?

a) Ja
b) Nee
c) Soms
d) Net snags

FROZENFOCUS EDUCATION
LIVEWORKSHEETS

2.4

Wat dra die dier op sy kop?

a) ’n Serp
b) ’n Skoen
c) ’n Hoed
d) ’n Hemp

---

2.5

In watter rigting swem die dier?

a) Op
b) Af
c) Links
d) Regs

---

2.6

Hoeveel oë het hierdie dier?

a) Een
b) Twee
c) Drie
d) Vier

---

2.7

Hoe lyk die dier se gesigsuitdrukking?

a) Kwaad
b) Hartseer
c) Bang
d) Gelukkig

---

2.8

Watter musiekinstrument is in die dier se mond?

a) ’n Fluit
b) ’n Trom
c) ’n Vuvuzela
d) ’n Kitaar

---

FROZENFOCUS® EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

2.9

Waar woon of swem visse gewoonlik?

a) In bome
b) In huise
c) In water
d) In die lug

---

2.10

Kan mense hierdie dier op die prent eet?

a) Ja, altyd
b) Nee, nooit
c) Ja, visse kan geëet word
d) Net as dit 'n troeteldier is

---

## Vraag 3: Opsomming [5]

---

A. Daarna gaan hy na die skoolpark toe. (1)

B. Op die einde het hy gillend en singend huis toe gegaan. (1)

C. Met sy aankoms het hy hom na die sokkerveld gehaas. (1)

D. Tumi het sy span aangemoedig/ondersteun. (1)

E. Een Saterdag wou mamma weet waarheen Tumi gaan. (1)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 2. | 3. | 4. | 5. |

FROZENFOCUS EDUCATION

---

## Vraag 4: Taal in konteks [10]

---

4.1

Gee die **meervoud** vir *sokkerspan*. (1)

Een sokkerspan, baie ________________________________

---

LIVEWORKSHEETS

4.2

Skryf 'n **sinoniem** vir *lawaai* uit paragraaf 4 neer. (1)

lawaai – ________________________________

---

4.3

Skryf die **teenoorgestelde** van *begin*. (1)

begin – ________________________________

---

4.4

Vul die regte **voornaamwoord** in die volgende sin in. (1)

Tumi het 'n vuvuzela. Dit is sy vuvuzela.
Die vuvuzela is ________________________________.

---

4.5

Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord **want**. (1)

Tumi was baie gelukkig.
Sy sokkerspan het gewen.

Antwoord:

---

4.6

Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin. (1)

Tumi het die hardste gesing.

---

4.7

Vul die **korrekte leesteken(s)** in. (1)

Het jy vergeet ________________________________

---

FROZENFOCUS® EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

4.8

Voltooi die sin deur die **korrekte voorsetsel** in te voeg. (1)

Hy het gou vir hom 'n sitplek ____________________ die voorste ry gaan soek.

---

4.9

Kies die **korrekte spelling** deur dit neer te skryf. (1)

Tumi se span het die ____________________ gewen.

---

4.10

Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. (1)

wedstryd = ________________________________

---

**Totaal VRAAG 4: 10 punte**

---

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS